Tel: 028 8401120
E-Pos: info@vilko.co.za
Web: www.villiersdorpko-op.co.za

NUUSBRIEF – APRIL 2015

Dis herfs en daarmee saam die einde van 'n goeie oes seisoen. Ons lede kyk met dankbaarheid terug op die afgelope jaar. Dit gaan voorwaar goed met ons.

Vir baie boere is dit die aanbreek van die jagseisoen. Vir diegene wat so bevoorreg is om te gaan jag het ons 'n jagpromosie saamgestel wat begin op 1 April. 'n Spesiale promosie blaadjie word uitgedeel. Saam met dit het ons 'n ooreenkoms met Quenets op Worcester gesluit waar lede ammunisie en ander benodighede op hul koöperasie rekening kan aankoop teen dieselfde prys as by Quenets. Skakel gerus met Willie Augustyn by Quenets indien u belangstel in 'n jaggeweer of ammunisie.

Vir diegene wat nie gaan jag nie is daar ook oorgenoeg produkte in die promosie om te kus en keur. 'n Bietjie later, nader na die winter toe gaan ons weer 'n snoei promosie loods. Hou asb die kennisgewings dop om nie uit te mis op die spesiale aanbiedings nie.

Barend Visagie het so pas 'n oorsese besoek meegemaak saam met een van ons verskaffers, Irrigator en sy terugvoer word hieronder met u gedeel. Die lede sal die voordeel trek uit hierdie kennis van die vernuwende tegnologie wat Barend met ons gaan deel.

Barend se terugvoer - China besoek
Irrigator het drie van hul grootste kliënte genooi om die Slanvert fabriek in Chengdo China te besoek vir produkopleiding en blootstelling aan ander applikasies vir VSD Drives. Die CHG Groep is een van China se grootste privaatmaatskappye met n jaarlikse omset van R460 Biljoen. Hulle vervaardig die Senlan SB 200 VSD Drives wat ons plaaslik gebruik. Nuwe tegnlogie wat ek glo ons meer sal gebruik is om van sonpanele gebruik te maak en dan die omsetting van elektrisiteit deur middel van 'n inverter na enkelfase wisselstroom of drie fase wisselstroom te verander. Met die omsetting van elektrisiteit kan pompe aangedryf word.

Ons het ook 'n gietery besoek in Xiamen waar allerhande kleppe en pompe gegiet word. Die gietproses is baie arbeidsintensief en elke onderdeel wat gegiet word moet sy eie gietkas kry, maatskappye van regoor die wêreld gebruik die gietery om verskeie water verwante toerusting te vervaardig. Irrigator giet ook hulle kleppe daar en die masjinering vind ook daar plaas, dit is goedkoper om dit daar te doen en volgens Irrigator is die kwaliteit van die gietwerk ook beter.

My waarneming van China is dat hulle tegnologies baie gevorderd is en met respek teenoor mekaar handel en wandel. Wat 'n ondervinding.

Barend Visagie

Die handelstakke is tradisioneel op paasnaweek Saterdag (4 April) toe, maar kan noodsituasies gehanteer word sou dit nodig wees.

Indien daar 'n noodsituasie ontstaan kan u die takbestuurder skakel: Iaan 0835540638, Wouter 0832880603, Deon 0835540609 of Sarina 0833889729

Die opgraderings/veranderinge by ons takke vorder as volg:
Villiersdorp Tak:
Die stokery gebou se binnekant is alreeds afgebreek en sal die dak en die kappe binnekort volg. Planne vir die verandering van die handelstak asook die oprigting van die vulstasie is in wording.
Vyeboom Tak:
Planne vir die oprig van 'n aparte stoor vir ons huidige huurder asook die verandering van die tak is in wording.
Greyton Tak:
Die huurkontrak met die Theewaterskloof Munisipaliteit vir die dorpsmeent aan die agterkant van die tak is geteken en sal die spasie eersdaags omhein en beveilig word vir addisionele stoorspasie.
Ons vra weereens omverskoning vir enige ongerief gedurende die opgraderings.

Lede word uitgenooi om enige voorstelle met die bestuur of handelskomitee op te neem.

KOÖPERASIE GROETE AAN ALMAL
31 Maart 2015

Foto van Barend Visagie by die Topbestuur van die CHG Groep: